

# Memorandum: Voorbeeldvraestel 2

---

Afrikaans Huistaal Graad 12

Punte: 70

Tyd: 2 uur

## Afdeling A: Leesbegrip

### Vraag 1: Tydskrifartikel, koerantrubriek en advertensie

*As jou motor se uitlaatpyp lekker begin lyk*

#### Memorandum

Bestudeer die **illustrasie** noukeurig. Beantwoord dan die volgende vrae:

1. Watter standbeeld word hier uitgebeeld? (1)  
**Statue of Liberty.** (1)
2. Waardeur word die kroon hier voorgestel? (1)  
**Sigarette.** (1)
3. Waarom is hierdie uitbeelding gepas? (1)  
**Dié standbeeld stel vryheid voor en hier handel dit om vry te wees van die rookgewoonte.** (1)
4. Watter ander aspek van die rookgewoonte word ook hier treffend uitgebeeld? (1)  
**Die beeld is gehul (nie in wolke nie) maar in rookwalms.** (1)

Beantwoord die volgende vrae oor die **teks**:

5. Watter enkele woord in die eerste sin dui alreeds daarop dat 'n mens moeilik van die rookgewoonte ontslae raak? (1)  
**Vassit.** (1)
6. Watter woordspeling, wat verband hou met die inhoud van die teks, kom in paragraaf 1 voor? Verduidelik. (2)  
**Daar is woordspeling in die gebruik van die woord *twak*: twak as tabak en twak as nonsens/snert.** (2)
7. Waarna verwys die woord *veroordeel* in paragraaf 3? Verduidelik volledig. (1)  
**Dit verwys na dit wat die spreker rokers toegesnou het (paragraaf 2) toe hy 'n nie-roker was.** (1)
8. Wat beteken dit *om jou kloue in te slaan* (paragraaf 3)? Hoe word dié spreekwoord verander om by die teks aan te pas? (1) (2)  
**Dit beteken om 'n houvas op iets te kry. (1) Dit word verander om by rook aan te pas: die kloue word rookkloutjies wat met mening in sy longe inslaan. (1)** (2)
9. Verduidelik in jou eie woorde wat paragraaf 4 eintlik te kenne gee. (1)  
**As 'n mens rook, soek jy in elke ding 'n verskoning/geleentheid om te rook.** (1)
10. Gebruik 'n voorbeeld uit paragraaf 5 om 'n hiperbool te beskryf. (1)

'n Hiperbool is nie 'n opsetlike onwaarheid/leuen nie, sake word net vergroot sodat dit indrukwekkend moet klink.

Enige een van die volgende: (1)

... nog beter as jy die plakkers eet ... is 'n voorbeeld van 'n hiperbool ('n mens eet tog seker nie regtig die plakkers nie).

... sit jy met 20 gommies in jou mond ... is 'n voorbeeld van 'n hiperbool (kan mens regtig 20 kougomme kou?).

11. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as *mistieke formule* as *toorformule*. (1)

**Mantra.** (1)

12. Wat is 'n *sonstoof* waarvan daar in paragraaf 7 sprake is? (1)

**Dit is 'n stoof wat nie rook maak nie, 'n elektriese stoof wat van sonenergie gebruik maak.** (1)

13. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? (1)

**Humoristies informatief.** (1)

[15]

EN

**Wat dra jy? Oupa se klere of vir Flaffie?**

14. Die titel bestaan uit vroe. Wat noem ons hierdie soort vroe waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie? (1)

**Retoriese vroe.** (1)

15. Waarna verwys *Jozi* in paragraaf 4? (1)

**Johannesburg.** (1)

16. Wat is die verband tussen paragraaf 7 en 8? (1)

**Die Japanse nuwe tienergier word in paragraaf 7 gemeld en in paragraaf 8 word verduidelik wat dit eintlik is.** (1)

17. Bestudeer paragraaf 9 met aandag.

17.1 Watter gevoel gee die tussenwerpsel weer? (1)

**Die tussenwerpsel *Eisj* dui op verontwaardiging.** (1)

17.2 Verklaar die woorde wat tussen hakies staan. (1)

**Dit is die direkte woorde wat die meisie met die vals wimpers aan haar pa sê as dié haar vir die eerste keer sien.** (1)

18. Waarom word Victoria Beckham se vreemde skoene as *Poshtrappers* (paragraaf 12) beskryf? (1)

**Victoria Beckham was deel van die popgroep *Spice Girls* en haar verhoognaam was *Posh Spice*.** (1)

19. Gee 'n goeie Afrikaanse woord vir die Engelse term *perm* (paragraaf 16). (1)

**Jy krul/kartel jou hare.** (1)

20. "Jy moet net onthou om die vlooi halsband ook om die nek te sit as jy uitgaan" (paragraaf 19). In watter trant is hierdie woorde? Kies een van die volgende: ironie, suggestie, sarkasme. (1)

**Sarkasme.** (1)

21. Van watter woord is die emotiewe woord *boera* (paragraaf 21) afgelei? (1)

**Boeta.**

(1)

22. Waarom is die liedjie wat die rockgroep sing (paragraaf 23) skrywend ironies? (1)

**Hulle is juis stokoud en kan beslis nie vir ewig jonk bly nie.**

(1)

[10]

EN

### **Advertensie van Blue Ribbon brood**

23. Watter verband is daar tussen die woorde *Vet is dodelik* en die illustrasie. (2)

**Die vroujie kan nie gered word en sy kan moontlik haar dood val. Die woorde dui daarop dat vet sleg vir jou gesondheid kan wees.**

(2)

24. Het die man 'n stewige greep op die vroujie? Waaruit maak jy die afleiding? (2)

**Nee, sy hand het reeds gegly, sy hou aan die mou van sy trui vas en die mou begin al by sy skouers uitskeur.**

(2)

25. Beskryf die man se gesiguitdrukking in een enkele woord. (1)

**Mag net een woord skryf: inspanning.**

(1)

**Enige soortgelyke gepaste woord.**

[5]

**Totaal Afdeling A: 30 punte**

## **Afdeling B: Opsomming**

### **Vraag 2**

#### ***Humor help ons oorleef***

##### **Memorandum**

Die instruksies moet noukeurig uitgevoer word. Hierdie is 'n voorbeeldantwoord. Ander variasies kan ook korrek wees. Humor help ons oorleef

**Humor kan jou help teen die aanslae van die lewe en help om 'n goeie selfbeeld te bou. 'n Goed ontwikkelde humorsin is goed vir die gesondheid en kan selfs pyn beveg. Lag is goeie medisyne wat jou immuniteit bevorder. Humor saam met vriende is soos 'n kitsvakansie wat jou batterye herlaai. Die Britte het droë, die Amerikaners het plat en Duitsers het geen humor nie. Suid-Afrikaners is luidrugtig en uitbundig met hulle eiesoortige humor ten spyte van die misdaad in die land.**

**Aantal woorde: 83**

**Totaal Afdeling B: 10 punte**

## **Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

### ***Liefde blom tussen Piggels en Skapie***

##### **Memorandum**

1. Wat is 'n *animasieprent* (paragraaf 2)? (1)

**Dit is die verfilming van opeenvolgende tekeninge op so 'n wyse dat dit die illusie van beweging oordra. (1)**

2. Gee die vroulike geslag van *vlakvark* (paragraaf 4). (1)

**Vlakvarksog. (1)**

3. Wat is die rede vir die gebruik van die koppelteken in die woord *saam-saam* (paragraaf 5)? (1)

**Herhalingsamestelling. (1)**

4. Gee 'n nugter woord vir die emotiewe woord *bloedjies* (paragraaf 5). (1)

**Kinders. (1)**

5. "*Hulle het hom huis toe gebring en vandag is hy steeds hier en vreeslik mak*" (paragraaf 6). Skryf hierdie woorde oor in die indirekte rede. Begin jou sin só: Marais sê... (1)

**Marais sê dat hulle hom huis toe gebring het en van daardie dag was hy steeds daar en vreeslik mak. (1)**

6. Die woord *kattekwaad* kom in paragraaf 7 voor. Gee 'n ander woord vir die woord tussen hakies in die volgende sin. Hulle (... -streke) het hulle in die pekel laat beland. (1)

**Kwajongstreke (nie kwaaijongstreke nie!) (1)**

7. Die woord *voorkom* (paragraaf 9) het betrekking. Die woorddeel wat die hoofklem dra, bepaal die woordbetekenis van dié woord. Maak telkens 'n sin met dié woord as die onderstreepte gedeelte die hoofklem dra.

7.1 voorkom (1)

**Dit wil voorkom asof hy gelukkig is (na vore kom, gebeur). (1)**

7.2 voorkom (1)

**Hy het voorkom dat die ongeluk gebeur (verhoed dat iets gebeur). (1)**

8. Die sin in paragraaf 12 kort 'n leesteken. Skryf net die woord vóór en ná die leesteken neer en dui aan. (1)

**... skei , raak ... (1)**

**Die komma kom tussen twee gesegdes (werkwoorde).**

**[9]**

EN

**G'n vaal bestaan meer vir Vaaltyn**

9. Wat is die rede vir die gebruik van die afkappingsteken in die titel? (1)

**Letters is weggelaat, geen = g'n. Dus in die plek van die e's. (1)**

10. Watter woord in paragraaf 1 is verander om by die inhoud van die teks te pas? (1)

**Die spreekwoord praat van 'n hondelewe, maar hier word dit 'n donkielewe genoem. (1)**

11. Skryf die vroulike vorm van *inspekteurs* (paragraaf 2) neer. (1)

**Inspektrises. (1)**

**Let op die spelling en die meervoud!**

12. Haal 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 4 aan. (1)

**... wat onlangs ingestel is. (1)**

13. Gee die teenoorgestelde van die woord *verpligte* (paragraaf 5). (1)

**Opsionele. (1)**

14. Brei die volgende sin uit paragraaf 7 uit deur 'n byvoeglike bepaling by die onderwerp te voeg.

“Die donkies vorm 'n belangrike deel van ons toerismebedryf.” (1)

**Enige gepaste byvoeglike bepaling wat die onderwerp *donkies* uitbrei.** (1)

**Die donkies met die bruin hare vorm ...**

**Die arme hardwerkende donkies vorm ...**

[6]

**Onthou:**

Vergelyk hierdie vraag (byvoeglike bepaling) met vraag 12 wat oor 'n (byvoeglike bysin) handel. 'n Byvoeglike bysin word uitgekien deur die betreklike voornaamwoord (*wat*). Daar is ook 'n *werkwoord* in die sin wat dit dan 'n bysin maak.

EN

**Wat is humor?**

15. Vorm twee verskillende selfstandige naamwoorde van die woord *gedefinieer* (paragraaf 1) in die volgende sinne:

15.1 Die leerders moet die (gedefinieer) van elke woordsoort ken. (1)

**Definisie.** (1)

15.2 Die (gedefinieer) en identifisering van woordsoorte is 'n groot kopseer vir leerders. (1)

**Definiëring** (1)

**Let op die spelling van dié woord: definieer (geen deeltteken), definiëring (wel 'n deeltteken).**

16. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as *indink*, *voorstel hoe iets vooruit gaan wees*. (1)

**Antisipeer.** (1)

17. Wat beteken die agtervoegsel *-loos* in die woord *vrugteloo*s (paragraaf 2)? (1)

**Sonder.** (1)

18. Die woord *het* is gewoonlik 'n hulpwerkwoord van tyd soos byvoorbeeld in die sin: Ek **het** jou **gesien**. Tot watter woordsoort behoort *het* in die sin: *Elkeen het 'n sin vir humor* (paragraaf 3)? (1)

**Koppelwerkwoord.** (1)

19. Gee die korrekte vorm van die onderstaande woorde uit die teks in die volgende sinne:

19.1 Die (reageer) (paragraaf 3) van die gewapende magte was blitssnel. (1)

**Reaksie.** (1)

19.2 Die (temperament) (paragraaf 5) kind het in 'n woedebui uitgebars. (1)

**Temperamentele.** (1)

20. Daar is een spelfout in paragraaf 4. Skryf die woord korrek oor. (1)

**Manewales.** (1)

21. Verander die volgende sin in 'n algemene vraagsin: *Humor is iets waarmee ons elke dag te doen kry* (paragraaf 4). (1)

**Is humor iets waarmee ons elke dag te doen kry?** (1)

22. Gee 'n sinoniem vir die woord *legio* (paragraaf 4). (1)

**Enige van die volgende: baie, veelvuldig, talryk, ontelbaar. (1)**

23. Skryf die basis van die woord *onbesonne* (paragraaf 5) neer. (1)

**Besin. (1)**

**[11]**

EN

***Op die voete kom ...***

24. Gee een woord vir ... *kry jammer*. (1)

**Bejammer. (1)**

25. Word die woorde *weer op die voete kom* letterlik of figuurlik uitgebeeld? Motiveer. (2)

**Dit word letterlik uitgebeeld. (1) Hulle staan op hulle hande. Dit illustreer dat hulle nie op hulle voet is nie. (1) (2)**

26. Wat is die konnotasie van hierdie uitdrukking? (1)

**Dit word gewoonlik van iemand gesê wat finansiële suksesse: help hulle om op die voete te kom. As hulle op hulle voete is, beteken dit dat dit beter met hulle gaan. (1)**

**[4]**

**Totaal Afdeling C: 30 punte**

**GROOTTOTAAL 70 punte**